REFORMASIE VANDAG

95 Stellings oor die Toestand van Kerk en Samelewing in die `Jaar van Luther' 1996

Oproep tot bekering

1. Wanneer onse Heer en Meester Jesus Christus se: "Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom" (Matt 4:17), bedoel Hy dat 'n gelowige se hele lewe een van voortdurende bekering moet wees.

2. Ware bekering begin by die vernuwing van die gemoed en berou oor vorige verkeerde gedrag. Dit geld nie slegs vir elke indiwiduele gelowige nie, maar ook vir die kerk as geheel.

3. Ware berou en verootmoediging het tot gevolg dat die gelowige en die kerk sonde en verkeerde gedrag haat en afle - nie in eie krag nie, maar deur die genade en die krag van Jesus Christus.

4. God beloof 'n nuwe begin aan belydende, berouvolle sondaars: "As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reen is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk oor wie my Naam geroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose wee af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sondes vergewe en hulle land herstel" (2 Kronieke 7:13,14).

Toestand van die Samelewing

5. Deesdae verval mense al hoe meer in sondes soos goddeloosheid, hoogmoed, liefdeloosheid, okkultisme, ongehoorsaamheid, aborsie, immoraliteit, egbreuk, prostitusie, homoseksualiteit, dwelm-misbruik, leuens, hebsug, geweld en diefstal. (Eksodus 20:2-17; Romeine 1: 18-31; I Korintiers 6:9; Galasiers 5:19-21).

6. Natuurlik was hierdie sondes altyd daar, maar tans word baie daarvan openlik geduld en op 'n voetstuk geplaas. "Hulle is mense wat die verordening van God ken, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen." (Romeine 1:32).

7. In baie lande is die wetgewing teen godslastering, pornografie, aborsie, genadedood, homoseksualiteit en dwelmmisbruik verslap of herroep.

8. 'n Samelewing wat gedrag duld en selfs openlik aanmoedig wat die Heilige Skrif as "sonde" en 'n "gruwel" in die oe van die Here beskryf, grawe sy eie graf en is ryp vir die oordeel. "Gehoorsaamheid aan die Here laat 'n volk sterk staan; sonde bring skande oor 'n volk." (Spreuke 14:34).

9. Toestande in baie hedendaagse lande kan vergelyk word met die morele verval wat die direkte oorsaak was van die val van die destydse Romeinse ryk.

10. Dit is slegs 'n kwessie van tyd voordat die huidige nasionale en sosiale stelsels wat God se verordeninge verwerp, ineenstort.

Verwaarlosing van die kerklike roeping

11. In hierdie omstandighede moet die kerk plaaslik en wereldwyd weerstand bied teen die gees van die tyd, getrou aan die roeping om "lig" en "sout" te wees. (Matteus 5:13; Romeine 12:2; Efesiers).

12. As die kerk sy roeping verwaarloos, sal God se oordeel oor ontroue wagters nie uitbly nie: "Wanneer Ek vir 'n goddelose se Hy gaan sterwe, en jy waarsku Hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy bose optrede om hom so in die lewe te hou nie, dan sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood." (Esegiel 3:18).

13. Daar is indiwiduele gelowiges en groepe binne-in die kerk wat dapper weerstand bied teen heersende tendense, maar oor die algemeen verwaarloos die kerk in baie lande toenemend die roeping om die evangelie te verkondig en God se verordeninge te verdedig.

14. Uitgelewer aan hedendaagse tendense en ideologiee, verander die kerk van koers en beland in gevaarlike geestesstrominge.

15. So 'n kerk het sy sin vir rigting verloor en kan nie meer vir enigiemand die regte Weg aanwys nie.

Miskenning van die Woord van God

16. Die koersverandering van die kerk is die direkte gevolg van die miskenning van die grondslag waarop alle ware geloof en kennis berus: Die Heilige Skrif.

17. Selfs wanneer kerke nog oppervlakkig die Bybel gebruik, word dit dikwels onderwerp aan eiegeregtige, selfverheffende argumente en kritiek wat God se Woord weerspreek.

18. Tereg het von Zinzendorf gebid: "As U Woord ongeldig is, waarop sal ons geloof berus? Vir my gaan dit nie om 'n duisend werelde nie, maar om U Woord te gehoorsaam."

19. Aangesien die kerk volgens die Reformatoriese beskouing die "vrug is van die skeppende krag van die Woord van God", hou 'n kerk wat Sy Woord prysgee, op om kerk te wees.

20. Wanneer die Woord van God prysgegee word, behoort niemand verwonderd te wees oor die gevolge nie: Die aftakeling van die inhoud van die Woord lei tot die aftakeling van die Skriftuurlike leer en Skrifgetroue lewenswyse.

Aftakeling van die Skriftuurlike Godsbegrip

21. Die aftakeling van die Skriftuurlike leer begin met die miskenning van die Persoon van God self. In stryd met die duidelike Skriftuurlike openbaring, herinterpreteer baie "teoloe" die Drie-eenheid, God se almag, heiligheid en geregtigheid, of stel Hom vals en onherkenbaar voor.

22. Wie ontken dat die wonderwerke en profesiee waarvan die Bybel getuig, werklik plaasgevind het of nog gaan plaasvind, stel God voor as 'n kragtelose beginsel - figuurlik gesproke 'n "God" "sonder arms of bene." Dit is 'n selfgemaakte afgod, 'n god van rasionalistiese filosofie en nie die "God van Abraham, die God Isak en die God van Jakob", die Vader van Jesus Christus nie. (Blaise Pascal).

Miskenning van die Skriftuurlike Leer aangaande Jesus Christus

23. Sekere "teoloe" beweer tans dat Jesus Christus bloot 'n mens, 'n sosiale revolusioner, 'n verkondiger van vrede, bevryder of iets dergeliks was, maar nie God nie; hulle ontken Sy maagdelike geboorte, liggaamlike opstanding, hemelvaart en liggaamlike wederkoms in mag en heerlikheid; so ontken hulle ook verlossing van ons sondes deur Sy kruisdood. Hierdie dwaalleer is nog verder van die waarheid as die valse leer van die bekende ketter Arius, wat in die vierde eeu na Christus tot sy veroordeling en afsnyding deur die kerk aanleiding gegee het. Arius se leer het minder valshede verkondig as baie "moderne teoloe" van ons tyd: Hy het Jesus ten minste verstaan as die "bonatuurlike Logos (Woord)", nie bloot as 'n mens nie. Die geskiedenis leer dat alle dwaalleer geneigd is om met verloop van tyd al verder van die waarheid af te wyk.

24. Ons antwoord op die dwaling van Arius en baie "moderne teoloe" is dat Jesus Christus nie bloot 'n mens is wat deur God geskape is nie. Hy is waarlik mens en waarlik God tegelyk, ewige Seun van God en self ook God, die tweede persoon in die Drie-eenheid. "Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie." (I Johannes 5:12; vgl. I Johannes 2:22; I Johannes 4:2-3).

Aftakeling van die Skriftuurlike leer aangaande Sonde en Verlossing.

25. Wanneer die Skriftuurlike leer aangaande Christus ontbreek, word die Skriftuurlike leer aangaande sonde en verlossing ook prysgegee. 'n "Kragtelose" Christus sou nie in staat wees om ons van sonde, dood en duiwel te verlos nie.

26. Gevolglik word sonde verontskuldig en die geldigheid van God se verordeninge ondergrawe - of anders word verlossing heeltemaal of gedeeltelik as die mens se eie verantwoordelikheid beskou. (Selfverlossing of sinergisme).

27. Die verontskuldiging of ontkenning van sonde in Skriftuurlike sin het aanleiding gegee tot opvattings soos die volgende in kerk en samelewing: dat homoseksualiteit nie sondig of 'n siekte is nie; dat pornografie, aborsie en genadedood nie veroordeel mag word nie; dat die wettiging van dwelms sou kon bydra tot die afname in hierdie kriminele aktiwiteite. Maar God waarsku: "ellende wag vir die wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter." (Jesaja 5:20).

28. Selfverlossing word openlik of verskuild verkondig in verskeie "mode-teologiee": So word verlossing deur Jesus Christus in 'n feministiese bloed-"teologie" vervang met heil uit die kragte van die vrou en haar menstruale bloed; in 'n bevrydings- en revolusionere "teologie" word hoop gevestig op die krag van sosiale groepe en hulle gewelddadige metodes; in 'n psigo-"teologie" word heil verwag uit die mens se innerlike krag; bepaalde tegnieke word toegepas vir selfverwesenliking.

29. Maar Jesus Christus " bring verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie" (Handelinge 4:12).

Vreemde geeste dring die kerk binne.

30. Hoe meer 'n kerk by die gees van die tyd (huidige tendense) aanpas, hoe groter word die gevaar dat vreemde geeste by die agterdeur ingelaat word terwyl die Gees van God Hom onttrek.

31. Vreemde geeste beheer die ideologiee en religiee van hierdie wereld (Efesiers 6:12).

32. As beweer word dat vreemde geeste en die Gees van God een en dieselfde gees is, weerspieel dit die groot afvalligheid en verduistering van ons tyd (vgl Romeine 1, 19-23), want die wat aan vreemde geeste offers bring, bring offers aan duiwels en nie aan God nie (I Korintiers 10:20).

33. In 1986 is " 'n gebed vir vrede van die godsdienste" te Assisi gehou. Ons doen 'n beroep op persone wat leiding neem in intergeloofsbyeenkomste wat telkens weer hierdie "gees van Assisi" aanroep, om die eerste gebod, die fundamentele opdrag van ons Christelike geloof, te eerbiedig: "Ek is die Here jou God... Jy mag geen ander gode voor my aangesig he nie" (Eksodus 20:2-3).

Verwereldliking van die kerk

34. Baie mense, ook politici, sien op na die kerk om duidelike Skrifgetroue leiding te gee.

35. Hoe meer 'n kerk egter in pas wil bly en oop is vir beinvloeding deur die wereldse tydgees, hoe groter word die gevaar om in wereldgelykvormigheid te verval en die unieke boodskap wat die kerk aan 'n grootliks ongelowige en verloregaande mensdom verskuldig is, te verwaarloos.

36. 'n Kerk wat met die tendense en politieke slagspreuke van regs of links vereenselwig, kan die wereld nie ten goede beinvloed nie, maar word deur die suigkrag van die wereld meegesleur. So 'n kerk is nutteloos en oortollig.

37. Die enigste uitweg is berou en verootmoediging voor God, om dan opnuut Sy Woord wat in die Bybel opgeteken is, met woord en daad te gehoorsaam en aan die wereld te verkondig.

Gedrag van Gelowiges in die Lig van die Oordeel

38. Die feit dat die krag en Bybel-verankerde leer en lewe dikwels in die kerk ontbreek, is reeds 'n oordeel van God (I Petrus 4:17) en die uitwerking van die eindtydse afvalligheid van 'n saligmakende geloof. (Matteus 24:12; II Tessalonisense 2:3).

39. 'n Kerk wat heidense afgode saam met die God van die Bybel vereer en vermeng, vertoon reeds die kenmerke van die eindtydse valse kerk wat in Openbaring vergelyk word met 'n "sedelose" vrou wat "hoereer". So 'n kerk word al meer soos die wereld en streef na wereldse rykdom, mag en aanvaarding, geringskat God se verordeninge en die evangelie van Jesus Christus, en oefen toenemend druk op gelowiges uit (Openbaring 17 - 18).

40. Des te meer is gelowiges geroepe om te volhard in geloof, hoop en liefde; om te bid vir hulle vyande wat hulle belaster en vervolg sodat ook hulle tot bekering mag kom. (Matteus 28:19).

41. Boweal is gelowiges geroepe om aan hulle Heer en Heiland Jesus Christus getrou te bly, elke gees van sinkretisme (vermenging van religiee) en wereldgelykvormigheid te weerstaan om soveel as moontlik mense te roep om volgelinge van Jesus Christus te word: "Gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels" (Matteus 28:19).

Getrouheid aan ons Groot Opdrag

42. Ons groot opdrag bly van krag ook wanneer misleiding en afvalligheid toeneem, en kom eers tot 'n einde met Jesus se wederkoms in mag en heerlikheid. Sendingwerk (in die sin van die bekering van ongelowiges tot Jesus Christus) is die positiewe antwoord van gelowiges op al die versoekings.

43. Sendingwerk is die lewensbron van die kerk. Die kerk staan voor die keuse: "Sendingwerk of die dood." (Otto Riecker).

44. As die kerk as geheel die sendingopdrag nie kan of wil nakom nie, word Skrifgetroue Christene opgeroep om steeds sendingwerk te doen. Onafhanklike Skrifgetroue sendinggroepe of sending-genootskappe behoort ook gevestig of ondersteun te word.

45. Deur sendingwerk ontstaan nuwe gemeentes en kerke wat afvallige kerke vervang.

Behoort gelowiges 'n afvallige kerk te verlaat?

46. Elke indiwiduele gelowige is geroepe om self te toets of sy gemeente en kerk op die Woord van God gebaseer is of nie.

47. As afwykings en wantoestande vasgestel word, moet die kerk openlik daarmee gekonfronteer word. As ernstige afwykings na herhaalde besware steeds voortgaan, kom 'n gelowige voor die keuse te staan om te ly, of om die kerk te verlaat. Bly nogtans so lank as moontlik en staan vir die waarheid: Liewer "optrede" as "uittrede".

48. Die afvalligheid kan egter so erg word dat 'n goeie gewete en getrouheid aan ons Here Jesus Christus dit vir 'n gelowige onvermydelik maak om so 'n kerk te verlaat. Byvoorbeeld wanneer die kerk as geheel op wette besluit wat dwaalleer en sonde goedkeur en selfs verpligtend maak.

49. Wanneer 'n gelowige die lidmaatskap van 'n kerk opse wat ver afgedwaal het van die leer en lewe wat gegrond is op die Heilige Skrif, verlaat hy nie die kerk van Jesus Christus nie, maar 'n organisasie wat valslik "kerk" genoem word.

50. Die ware kerk is self ook nie volmaak nie, maar die lidmate streef nogtans om te lewe in die krag van Christus en gebaseer op die Heilige Skrif. Slegs vir die Skrifgetroue kerk, wat ook buite valse kerklike instellings kan bestaan in nuwe gemeentes of groepe, geld die woorde: ..." die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matteus 16:18).

Grondslag vir Reformasie in die Kerk.

51. Reformasie van die kerk, in die sin van geestelike vernuwing, is die verantwoordelikheid van elke indiwiduele gelowige, - ongeag die kerkverband, moet reformasie by elke gelowige begin met persoonlike verootmoediging, skulderkenning en die besef van ons onvermoe om onsself te red - want slegs deur genade en in die krag van onse Here Jesus Christus is ons verlossing moontlik.

52. Slegs Jesus Christus moet ons Here wees, nie die stigters van mensgemaakte religiee of ideologiee of enigiemand anders nie.

53. Slegs die Woord van God, soos opgeteken in die Bybel, is geldig - geen ander geskrifte, bronne van openbaring of ideologiee nie.

54. Slegs deur genade en geloof in Jesus Christus is ons heil te vinde, nie in selfverlossings-tegnieke of reinkarnasie-idees nie; ook nie in sondige pogings om die toekomstige koninkryk van God deur menslike inspanning vooruit te loop om self 'n alles-insluitende heiltoestand in 'n nuwe wereldorde te bereik nie.

55. "Jesus Christus is, soos die Heilige Skrif getuig, die enigste Woord van God. Na Hom moet ons luister, Hom moet ons gehoorsaam en vertrou in lewe en in sterwe. Ons verwerp die valse leer dat die kerk naas die een ware Woord van God ook nog ander verskynsels of magte, persone of waarhede as bron van Goddelike openbaring kan en behoort te erken of verkondig." (Artikel 1, Barmense Teologiese Verklaring, 1934).

Ware en valse eenheid

56. Ware reformasie in die sin van lewewekkende geestelike vernuwing, begin met die verootmoediging en lewensveranderende bekering van baie gelowiges. Dit lei dan tot eenheid in die Gees - hoewel dit aanvanklik onsigbaar is, word dit toenemend sigbaar.

57. Die verdeeldheid van gelowiges in talle opponerende groepe en groepies is ongehoorsaamheid aan God en 'n skande voor die wereld. Dit werk verlammend in op ons sendingopdrag. (Johannes 17:20-21). Dit behoort egter nie 'n onoorkomelike hindernis te wees as gelowiges die kernwaarheid van die evangelie onthou nie: die regverdigmaking van sondaars slegs uit genade. In hierdie kernwaarheid van die evangelie kan gelowiges hulle eenheid ontdek: "In beginselsake eenheid, in middelmatige sake vryheid, bo alles liefde."

58. Die eenheid van gelowiges wat volg op skuldbelydenis en bekering kan en sal nie eenheid ten koste van die Bybelse waarheid wees nie, maar eenheid in die waarheid van Christus. (Johannes 14:6; 17:11,17; Efesiers 2:14).

59. Ware eenheid sluit slegs die in wat in Christus glo en Sy Woord as die waarheid bewaar. Hulle is in die wereld, maar nie van die wereld nie, en word deur die wereld gehaat. (Johannes 17). Daarteenoor sluit valse eenheid die hele mensdom in, hoereer met alle ideologiee en religiee, en vervolg gelowiges wat trou bly aan Jesus Christus as die enigste Here, Verlosser en Vredevors met dwang, terreur en selfs gewelddadig. (Openbaring 13 en 17 e.v.).

60. Ware eenheid is 'n gawe van God, die gevolg van evangelisering. So word alle volkere bereik met die duidelike oproep tot reddende geloof en volle oorgawe aan Jesus Christus. (Matteus 28:18-20; Johannes 17:20 e.v.). Valse eenheid verontagsaam die oproep tot bekering en gee voorkeur aan politieke problematiek en selfverlossing van die

selfstandige mens - dit is die mens sonder God, wat die waarheid nie liefgehad het en tot sy redding aanvaar het nie; uiteindelik kulmineer dit in die koms van die wettelose mens wat "in die tempel van God sal sit en voorgee dat hy God is." (II Tessalonisense 2:4 en 10).

61. Ware eenheid duld geen dwaalleer nie. (Galasiers 1:6-10; II Johannes 9-11.; Judas 3 e.v.). Valse eenheid duld dwaalleer en bevorder dit selfs deur die vermenging van ideologiee.

Teologiese Reformasie

62. Vir reformasie wat geestelik lewewekkend is, is teologiese reformasie noodsaaklik.

63. Teologiese reformasie is slegs moontlik indien teologiese opleiding weer die Bybel in alle erns as die Woord van God respekteer en menslike wysheid met eerbied aan Goddelike wysheid ondergeskik stel.

64. Vir Skrifgetroue opleiding sonder Skrifkritiek (hoer kritiek) is die vestiging en erkenning van Skrifgetroue inrigtings (skole, teologiese kweekskole, Bybelskole, kolleges en universiteite) onontbeerlik.

Uitoefening van Kerklike Tug

65. Baie wantoestande in kerk en teologie word veroorsaak deur die verwaarlosing van kerklike tug.

66. Tug en afsnyding behoort byvoorbeeld toegepas te word op persone wat openlik 'n onskriftuurlike leer en lewenswyse inbring in die kerk. (I Korintiers 5; II Johannes 9-11).

67. Om effektief te wees, behoort kerklike tug op alle vlakke, ook op die kerklike gesagstruktuur, van toepassing te wees -- op kerkleiers, ampsdraers en kerkvergaderings wat hulle aan misleiding skuldig maak of dit ondersteun.

68. " 'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg". (I Korintiers 5:6). Die kerklike deeg word nog gouer onbruikbaar as die "ou suurdeeg" invloedryke persone is.

Roeping van Indiwiduele Gelowiges

69. Elke gelowige word opgeroep om die amp van die gelowige, die algemene "priesterdom"(I Petrus 2:9) uit te oefen, en kerklike leer en uitlewing aan die Bybel te toets. (I Johannes 4:1).

70. Daarbenewens het elke gelowige die opdrag om die tydgees te weerstaan en om nie onbybelse ontwikkelinge te duld of daaroor te swyg nie. "Nie met geweld nie, maar met die Woord voer ons die stryd." (Martin Luther).

71. Elke gelowige het die voorreg om daagliks in kontak met God te bly deur Bybellees en gebed, en om so deur Hom vermaan en versterk te word.

72. Gelowiges is geroepe om die boodskap van Jesus Christus sonder einige weglating of byvoeging te verkondig soos dit in die Bybel opgeteken is.

73. Skriftuurlike norme en uitsprake moet deur elke gelowige ernstig opgeneem word om daarvolgens te lewe, al is dit in stryd met die gees van die tyd.

74. Gelowiges is geroepe om in lewende en evangeliserende gemeentebou, in die sin van Woordverkondiging, betrokke te raak.

75. Gelowiges is geroepe om kerklike ampsdraers, byvoorbeeld predikers, te ondersteun as hulle reformatories optree en as gevolg van suiwer Skrifgetroue, lewewekkende bekeringsprediking onder tug geplaas of met afsnyding gekonfronteer word.

76. Gelowiges behoort geldelike ondersteuning te onttrek van organisasies wat indruis teen die evangelie. (Feministiese en homoseksuele groepe, sinkretistiese byeenkomste ens.).

77. Gelowiges is geroepe om Skrifgetroue instellings, skole, universiteite, nuusbriewe, radiostasies, byeenkomste ens. te ondersteun of aktief daarby betrokke te raak.

Roeping van die Kerk

78. Die kerk word opgeroep om enkel en alleen die Bybel as Woord van God te verkondig en te verdedig, om elke onbybelse leer te verwerp en om rigtinggewend te wees vir die indiwidu en gemeenskap.

79. Die kerk word opgeroep om meer geleenthede te skep vir gemeentegroei deur evangelisasie.

80. Die kerk moet getroue medewerkers wat in die Bybel glo en trou bly aan ons belydenis, nie met afsnyding dreig nie.

81. Verpligte kollektes mag nie deur die kerk ingevorder word vir organisasies wat Skrifgetroue gelowiges nie met 'n goeie gewete kan ondersteun nie.

82. Die kerk is geroepe om duidelike riglyne te gee oor etiese kwessies rakende die huwelik en gesin, aborsie, genadedood en homoseksualiteit – in ooreenstemming met die Heilige Skrif en nie in stryd daarmee nie.

Roeping van Staat en Samelewing

83. Die staat is nie dieselfde as die kerk nie (vgl. Johannes 18:36). Die staat sal egter daarby baat en geseen word as Skriftuurlike norme, wat deur die kerk aan die staat oorgedra behoort te word, in ag geneem en nagevolg word.

84. Skriftuurlike norme word duidelik uiteengesit in die Tien Gebooie. (Eksodus 20:2-17).
85. Wanneer hierdie verordeninge nie ernstig opgeneem word nie, lei dit onvermydelik tot chaos en anargie.

86. In baie nasies bevorder talle groepe in die samelewing chaos en anargie omdat hulle openlik of heimlik in opstand is teen die fundamentele Goddelike waarhede in die Tien Gebooie.

87. Die Heilige Skrif beskryf sulke mense in II Timoteus 3:1-7: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadpraters, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos,

verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat die gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloen het... met sondes belaai en deur allerhande begeerlikhede gedryf, wat altyd leer en nooit tot kennis van die waarheid kom nie."

88. In baie lande beklee sulke persone, wat voorlopers is van die wettelose mens (II Tessalonisense 2:3), mag in sleutelposisies. Hulle word gaandeweg meer invloedryk in die politiek, regs-pleging, die massamedia, universiteite, skole en kerke.

89. Politici, juriste, joernaliste, opvoeders, kerklui en gelowiges in alle beroepe word opgeroep om op elke moontlike samelewingsterrein biddend en Skrifgetrou weerstand te bied teen hierdie infiltrasie - hierdie "Opmars deur die Institute".

Toekomsblik

90. Die huidige ontwikkelings in kerk en samelewing word in die Bybel voorspel.

91. Dit is kenmerkend van die tyd wanneer Satan se anti-christelike wereldheerser op die toneel sal verskyn.

92. Jesus Christus sal weer kom in mag en heerlikheid om 'n einde aan die "wettelose mens" te maak.

93. Omdat ons nie kan weet wanneer Jesus se wederkoms gaan wees nie, moet ons werk solank dit nog dag is.

94. Ons werk uit dankbaarheid vir Jesus se plekbekledende offer aan die kruis, en ook uit liefde vir Hom, aan die opbou van Sy gemeente - in die sekere wete dat die oorwinning aan Hom behoort.

95. "Nogtans, die hegte fondament wat God gele het, staan vas met die woorde daarop gegraveer: "Die Here ken die wat aan Hom behoort, en: Elkeen wat se dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtigheid" (II Timoteus 2:19).

Publisher:
Christians for Truth (CFT) International
Privat Bag 250
Kranskop 3268, RSA
Phone: (032) 481-2512 / Fax 2507
From overseas: 0027-32-481-2512 / Fax 2507

ISBN 1-875026-05-3